RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN ONS BYBELLEESPROGRAM

Ons Bybelleesprogram is hoofsaaklik vir daaglikse, persoonlike stiltetyd bedoel.

Die volgende riglyne kan jou help om jou Bybellees nog meer sinvol te maak:

1. Gebruik genoeg tyd om stil te raak en van jou eie e*mosies en gedagtes bewus te raak.*

   - ‘n Goeie manier om dit te doen, is om regop te sit, jou oë toe te maak en jou hande oopgestrek op jou bo-bene neer te sit. Haal rustig en diep asem en konsentreer doelbewus op dit wat in en rondom jou gebeur.

2. *Lees die teks van die dag rustig deur. Probeer om dit meer as een keer te lees.*

   - As dit moontlik is, lees dit ook ‘n slag hardop en in meer as een vertaling.
   - Lees daarna die kort verklaring wat saam met die Bybelleesprogram voorsien word.

3. *Dink na oor dit wat jy gelees het.*

   - Vra jouself vrae soos: Wat is die betekenis van die teks? Wat wil die teks vandag vir my sê? Is daar woorde of gedeeltes wat ek nie verstaan nie? Wat lê *agter* die teks (mense se gedagtes en emosies)? Wat vra die teks van my?
   - Indien jy iets nie verstaan nie, doen moeite om later daaroor na te lees of navraag te doen.
   - Jy kan gerus ‘n boek aanskaf waarin jy daagliks jou gedagtes kan neerskryf.

4. *Reageer op die teks deur met die Here in gebed te praat. Behalwe vir jou eie, persoonlike gebede, is daar baie kreatiewe maniere waarop ons met die Here kan praat.*
   Hier is ‘n paar voorbeelde:

   - Gebruik gebede uit die Bybel (veral die Psalms leen hulle goed tot gebed);
   - Gebruik die woorde van liede as gebede (die Liedboek van die Kerk is ‘n uitstekende bron);
   - Gebruik ‘n gebedeboek of gedigte as bron vir jou eie gebede.

Hierdie program kan natuurlik ook maklik deel van ‘n weeklikse gesins- of ander kleingroepbyeenkoms vorm; aan die einde van elke week se materiaal word daar riglyne vir sulke byeenkomste gegee.